



Die

Binne die
Ossewa-
brandwag
staan almal
vir elkeen
en elkeen
vir almal.



Die
Ossewa-
brandwag
is nie begerig
om te lei nie,
maar bereid
om te ly.

EERSTE JAARGANG.

WOENSDAG, 4 FEBRUARIE 1942.

No. 13.

GENERAALS EIS STAKING VAN PERS SE VYANDIGHEID TEEN O.B.

Kan Nie Instrument Steun wat Vernietiging Beoog van Republikeinse Beweging

Die volgende brief deur die sekretaris van die Kaaplandse Beheerraad is op aandrang van al die Generaals aan die Direksie van die Nasionale Pers gerig. Die brief lui, dat indien die Pers nie voor 2 Februarie staking van vyandigheid teen die O.B. aankondig nie, lede van die O.B. geen publikasies van die Pers meer sal ontvang nie:

„Die Beheerraad van die Ossewabrandwag, Kaapland, het aan my opgedra om die volgende verklaring aan die Direksie van die Nasionale Pers Bpk. voor te lê.

„Op die Beheerraadsvergadering van 11 September 1941 is deur die verteenwoordigers van die generaalskappe in Kaapland aangedring op 'n besluit ten opsigte van die verskriklike vyandige houding van u pers teenoor die O.B. Daar is besluit om deur sekere persoonlike kanale lede van die Direksie te nader en hulle te vra om die Direksie te probeer beweeg om 'n minder venynige en kwaadwillige houding aan te neem in die stryd wat deur leiers van die H.N. Party teen die O.B. aangeknoop is. Hierdie vertoë het vrugteloos geblyk en die pers het steeds partydiger en venyniger geword en oorgegaan tot die mees afkeurenswaardige metodes van aanhitsing en aanmoediging van lasterlike aantygings en valse bewerings.

„Die gevolg is 'n volslae skeuring in die volksgeleedere en 'n verder aanblasing en verspreiding van verdagmakende bewerings en onderdrukking van die openbare mening.

„Dit, op sy beurt, het die tienduiseende wat u beleid van keuse tussen twee volksorganisasies

verwerp het, tot verdere stappe geprikkel.

„Die stryd deur Party-leiers aangeknoop en deur u pers voortgeplant onder die volk, was nooit 'n stryd oor beginsels, soos tussen die Nasionaalgesinde Afrikanerdom en die jingo's of Sappe nie. Dit was van die begin af gekenmerk en verklaar te wees 'n stryd teen persone wat gedien het tot aanhitsing van die laagste menslike karaktertrek van belastering onder ons Afrikanervolk.

„Daartoe het u pers bygedra soos weer blyk uit 'n bewering wat die redaksie uit 'n blad soos Die Suiderstem gaan oorneem het om dit onder nasionaalvoelende Afrikaners in te plant. U redaksie het hom hier presies op dieselfde sport as die redaksie-kolomme van u eerstydse vyand, maar nou bondgenoot, dr. Loock, gaan plaas.

„Die O.B. se leiding het hom duidelik en beslis uitgespreek teen inskakeling met partye of groepe en sy standpunt verklaar.

„U pers daarenteen gaan voort om die O.B.-leiding as leuenars voor te stel met die bewering dat die O.B. hom aan die Pirow-groep sou gekoppel het. Die pers gaan voort om aan die adres van die leiers van die O.B. oneerlik-

heid, valse motiewe en soos in die inleidings-artikel van Die Burger van 26 deser, verraad aan mede-Afrikaners toe te dig.

„Diegene wat met u leiding verskil b.v. ten opsigte van die aard en karakter van die verlangde republiek, ook met u beleid ten opsigte van 'n stryd deur 'n politieke party teen 'n volksorganisasie, is ook intekenaars op u blaai en ander uitgawes en ook aandeelhouders. En dit is teen hulle wat die verbitterde stryd deur u blaai voortgesit word.

„Beledigings teen die O.B. en verdagmaking, sowel as aantygings, waarvoor 'n minister namens die Regering u leiding in die Raad bedank het (sien hoofartikel Die Burger van 10 September, 3 November, 17 November, 1941, en 26 Januarie, 1942), is aanklagte teen die O.B. en sy lede, intekenaars op u koerante, tydskrifte en uitgawes.

„Op die jongste vergadering van die Beheerraad, 22 Januarie, het die verteenwoordigers

(Vervolg op bls. 4.)

UITNODIGING

Die Bellville Kommando's nooi alle Offisiere, Brandwagte en Penkoppe, asook hulle vriende na 'n Gesellige Byeenkoms op

SATERDAG, 7 FEBRUARIE 1942.

Terrein:—Agter Theron se Garage, BELLVILLE.

Kindersport begin 4-uur n.m.

DR. MALAN SE ONTHULLINGS VERSKERP REGERING SE INTERNERINGSBELEID

Duidelike Verklaring van Min. Lawrence

Adv. H. G. Lawrence, Minister van Binnelandse Sake, het verlede Vrydag in die Senaat 'n beroep gedoen op die Parlement om sy interneringsbeleid goed te keur op grond van die onthullings wat dr. Malan op die Paarl gedoen het in verband met „sekere binnekringe in die Ossewabrandwag.”


Die verslag van min. Lawrence se toespraak lui as volg in die Cape Times (Die Burger het dit nie geplaas nie):

„Tot omtrent vier maande gelede was die aantal Unie-burgers wat geïnterneer was, gering. Toe, ewe plotseling was daar 'n vermeerdering as gevolg van die verskyning van Robey Leibbrandt, pogings om met Gestapo-agente in Lourenco Marques in aanraking te kom, die hernude uitbreking van bomontploffings EN DIE OPENBAARMAKING VAN DIE BEDRYWIGHEDE VAN DIE OSSEWABRANDWAG SE BINNEKRING.

In sy versoek aan die Senaat om die Regering se interneringsbeleid goed te keur, HET HY HOM BEROEP OP VERKLARINGS WAT DEUR DR. MALAN OP 14 NOVEMBER IN DIE PAARL GEDOEN IS TOE HY OOR 'N BINNEKRING VAN DIE OSSEWABRANDWAG GEPRAAAT HET.

En nou kollekteer dr. Malan weer vir die gesinne van daardie geïnterneerdes wat op sy gesag gevang is!

Waarde
vir geld



Schoemannello-Drank

is
DIE SUIWERSTE EN BESTE.

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN
JURGENS SCHOEMAN

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT
AFRIKAANSE FIRMA

WYNE:

	PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in geborg- de kassie van 12 bottels.	PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kassie van 12 bottels.	PER GELLING. In 5-gelling vasatjies of meer.
Fonkelwyn ..	5/-	5/-	—
Lewenswyn ..	3/6	3/6	—
Vermouth ..	2/6	2/6	—
Hanekraai (Cocktail) ..	3/6	3/-	—
Likeurwyn ..	2/-	1/8	—
Jeropiko (Rooi) (Wit) ..	1/2	1/-	5/6
Soet Muskadel ..	1/-	11d.	5/-
Port ..	1/1	11d.	5/-
Worcester Hock	1/-	10d.	4/6
Pontak ..	1/-	10d.	4/6
Spesiale Sjerrie	10d.	9d.	4/-
Sjerrie ..	9d.	8d.	3/6

BRANDEWYNE:

Schoemannello ..	8/8	5/-	26/8
Brandewyn Ekstra Spes.)	5/6	4/9	25/-
F.C. ..	5/-	4/3	23/-

JENEWER

Likeurs:			
Kersie-Brandewyn	5/-	4/3	23/-
Anys-Brandewyn	5/-	4/3	23/-
Gemmer- Brandewyn ..	5/-	4/3	23/-
Lemoen- Brandewyn ..	5/-	4/3	23/-
Peperment-Likeur	5/-	4/3	23/-
Van der Hum	5/-	4/3	23/-

JENEWER-LIKEURS:

Lemoen-Jenewer	6/-	5/-	—
Suurlemoen-Jenewer	6/-	5/-	—

Word verkoop in 12-bottel-kassies of 5-gellingvasatjies of groter. U kassie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kassie en bottels, en 10/- vir vasatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissele. V.O.S., Oudtshoorn.

SCHOEMANNELLO-DRANK

VIR KWALITEIT EN TEVREDEN-
HEID DIE GOEDKOOPSTE

105 Takke
40,000
Lede

AVBOB

Reserve-
fonds
£90,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTONE

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, | Herefordstraat,
MIDDELBURG, Tvl. | GROBLERSDAL, Tvl.
Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
Moet nie dat u motor vir u moedeloos
maak nie — Laat ons dit vir u
splinternuut maak.
V.M.K. AANBEVEEL.

ONDERSTEUN ONS
ADVERTEERDERS

Verklaring van Siener se Gesig van Draaiende Klippe

Twee Republikeinse Bewegings wat Bots

Onderstaande verklaring oor die gesigte van die Siener met betrekking tot die republikeinse stryd sal lesers van Die O.B. interessant vind. Die skrywer is goed op die hoogte met die gesigte van wyle oom Nicolaas.

Dit sal voorwaar 'n gruwelike sonde wees as ons willens en wemens sou probeer om die gesigte van wyle oom Nicolaas van Rensburg so te vertolk om by ons eie ellendige politieke beskouings en aspirasies in te pas. Daarom is dit uiters noodsaaklik vir elkeen wat hierdie sake by wyse van publikasie aan die wêreld wil opdis, om baie versigtig te wees, en dinge wat onverstaanbaar is, hiewer agterweë te laat. Dit is seker nie reg en billik teenoor diegene wat minder of niks van die Afrikanerprofeet weet, en nog onbilliker teenoor oom Nicolaas self, om sommer links en regs te beduie dat oom Nicolaas dit en dat gesê het en sus en so gesien het sonder om eers die minste verduideliking, om dit verstaanbaar te maak, daaraan toe te voeg nie. Daarom is dit so onmoontlik om in die beskrywing van hierdie dinge omslagtigheid te vermy, want anders kan die gewone leser dit nie volg nie, en is dit die duur papier waarop dit verskyn nie werd nie.

As ek let op die onsmaklike broedertwis van die republikeinse Afrikanerdom van vandag wat maar nie 'n end wil kry nie, laat dit my onwillekeurig dink aan die Seuntjie en Kaffertjie wat oom Nicolaas hier te lande gesien het. I.v.m. hierdie benaming kaffertjie, wil ek graag net eers kortliks verduidelik. Toe oom Nicolaas eendag gepraat het van „osrieme in Europa” is sy aandag daarop gevestig dat die mense in Europa nie met osse werk nie. „Ja ek weet,” was sy antwoord, „maar God openbaar hierdie dinge aan my in die vorm van boerdery. Boerdery waarvan ek kennis dra, sodat ek die gesigte kan verstaan.” Nou weet ons dat dit die boeregewoonte is om die klein kaffertjie voor die tou te sit, en so maak die boer hom dan sy „leier”. Daarom sien oom Nicolaas alle „leiers” in die gedaante van kaffertjies. Die persoon word nie juis tot die stand van 'n klonkie verlaag nie. In die geval van twee leiers, 'n seuntjie en 'n kaffertjie, wil dit te kenne gee dat hulle nie net alleenlik bestaan nie, maar dat hulle ook noodwendig met mekaar in botsing sal kom. Hoekom dan noodwendig? Omdat ook in so 'n geval die verskil tussen die twee leiers openbaar gemaak word ten opsigte van die gehalte en stoffasie van elk van die leiers, en dit weer om die oorwinnaar bekend te maak: die seuntjie wat in elke opsig bo die kaffertjie staan. In enige konflik is dit maar net vir ons nodig om uit te vind wie die Seuntjie of die Kaffertjie is, en ons weet ook wie die oorwinnaar gaan wees.

In Die Volksblad van 27 Aug. 1941 het ek na aanleiding van die dreigende botsing tussen die Oostewabrandwag en die Herenigde Party reeds die aandag op bogenoemde twee leiers hier te lande gevestig, en kan ons maar die saak geruïns nou ons verdere aandag skenk. Ons wil nou graag weet wie is wie. Ek sal die beskrywing van die Seuntjie weergee, dan kan ons 'n soektog aangaan en kyk of ons hom raakloop. Die gesig lui as volg:

„Toe is hier 'n klein seuntjie en 'n kombers kom oor hom, die oortreksel is stukkend maar die kombers is skoon.”

Ons sien dus dat hierdie seuntjie met 'n kombers TOE is. Mens kan hom nie sien nie, weet nie hoe hy lyk nie, weet nie wie dit is nie. 'n Onbekende figuur. Iemand wat nog nie sy merk gemaak het nie. 'n Leier wat nie lei nie.

Die eerste persoon wat ons kan in aanmerking neem is genl. Hertzog. Hy is egter nie toe nie, sy hele lewe lank was hy feitlik 'n leier. Oop en bloot. Almal ken hom, almal sien en weet van hom. Hy is nie 'n onbekende nie. Genl. Smuts dan? Wel, hy is net so oop en bekend as genl. Hertzog, tewens was hy nog nooit 'n Afrikanerleier nie. Dus los hom maar.

Dan is daar nog dr. Malan. Beantwoord hy miskien aan die beskrywing? Ewemin. Hy is mos ook al vir die laaste 25 jaar 'n beproefde leier. Elkeen ken en sien en weet van hom ook. Ook hy is nie onder 'n kombers toe nie. Dan nog dr. Van Rensburg. Wel . . . Hy was altyd onbekend. Nooit 'n leidende aandeel in die openbare lewe geneem nie. Niemand het hom geken nie of van hom geweet of hom gesien nie. Dus hy was onder 'n kombers toe. Totdat eensklaps die kombers van hom afgetrek is, en hy (soos 'n paddastoel) op die toneel verskyn het. Eensklaps het hy die tou van die Ossewa gevat. (I.v.w. nie op die wakis in die hoedanigheid van 'n drywer nie). En byna eensklaps het die stryd 'n aanvang geneem. Die kombers is af, en die Seuntjie het sy verskyning voor die tou gemaak.

As ons hierdie uiteensetting aanneem, dan weet ons wie gaan wen, as die oorwinning nie reeds behaal is nie.

Nou is daar nog die kombers; dié is nie van minder belang nie. Die kombers is „skoon”.

PRAGTIGE SAMEWERKING TUSSEN O.B. EN PARTY

'n Treffende bewys van die eenheid van die volk en goeie samewerking tussen die O.B. en die H.N.P. waar die leiers van laasgenoemde nog nie daarin geslaag het om tweedrag te saai nie, word gelewer deur die skitterende reaksie in Middelburg (Kaap) op die oproep van Die O.B. insake die kersfonds vir geïnterneerdes se kinders. So rapporteer mnr. A. Rossouw, adjudant van hoofkommandant C. A. Schoeman, dat kollektelyste rondgestuur is wat sowel deur die Hoofkommandant as die voorsitter van die Party onderteken was. Die opbrengs het £23-19-4 bedra. Die gees en samewerking tussen die twee organisasies in daardie deel is uitstekend en dit laat mens teruggedink aan die heerlike samewerking wat daar tussen die twee liggame as geheel was voor die party-leier se oorlogverklaring aan die O.B.

Dit was onder die Brandwagte se Ossewa wat die Seuntjie gelê en wag het. Dus onder 'n O.B.-kombers. Die Ossewabrandwag, die „skoonste”, mooiste en edelste beweging wat die Afrikaners nog gehad het. (Die paddastoel- vyande van die O.B. het dit ook gister en eergister gesê.)

„Die oortreksel is stukkend.” Dit wys duidelik dat die kombers die eiendom van arm mense is. Watter deel van die Afrikanerdom is dit wat hoofsaaklik binne die O.B. saamgesnoer is? Watter deel is dit wat die noodsaaklikheid van die stryd teen die kapitalisme meer insien? Wie is dit wat leiding oor die hele land, onder die abnormaalste druk en bedreiging in die O.B. neem? Niemand anders as die eienare van stukkende kombersse nie.

Tot sover die Seuntjie en sy kombers.

Nou die twee bewegings self wat nog net soveel duidelikheid op die saak werp. Die betrokke beeld lui as volg:

„Twee wit stene draai teen mekaar en die een aan die oostekant draai in die ander in dat dit net een steen is.”

Twee wit stene (republikeinse bewegings) draai teen mekaar (is in 'n stryd gewikkel). Nou is die vraag weer watter een aan die oostekant is, want dis hy wat gaan wegraak. Maklik sou dit wees as ons weet wie die Seuntjie in die (Vervolg op bls. 3, kolom 1.)

EENSTEMMIGE VERGADERING VAN KAAPLANDSE BEHEERRAAD

„Stryd Gaan om Redding van Volk se Karakter”: Genl. J. A. Smith

Die Kaaplandse Beheerraad het Donderdag, 22 Januarie, in Kaapstad onder voorsitterskap van hoofgenl. dr. F. D. du T. van Zyl in Kaapstad vergader.

'n Kenmerk van die vergadering was die vurige geesdrif wat by almal heers en die groot eensgesindheid wat uit die bespreking deurgestraal het. Dit was bykans onnodig om oor voorstelle te stem, daar die bespreking 'n weer-spieëling was van die eenstemmigheid. 'n Enkele keer het dit geblyk of een of twee lede 'n saak teenstaan, maar gou het dit aan die lig gekom dat hulle onder 'n verkeerde indruk is en in werklikheid nog vuriger voorstanders daarvan is.

In sy toespraak het die A.K.G., genl. J. A. Smith, daarop gewys dat die Eenheidskomitee nog nie ontbind is nie, en dat die voorsitter hom genader het in verband met die hou van nog 'n vergadering.

Met verwysing na die volhardende propaganda van die Partyleiding as sou die O.B. gekoppel wees aan die Nuwe Orde-groep, het genl. Smith weer eens beklemtoon dat die O.B. se beleid is om hom geensins te koppel aan enige Party of parlementêre groep nie. Die O.B. gaan self ook geen kandidate stel nie — hy is bokant hierdie soort funksie verheue.

Intussen voer die O.B. 'n stryd nie alleen van politieke aard nie, maar in die laaste instansie 'n etiese stryd, het spr. verklaar. Dis 'n stryd teen bedrog, oneerlikheid en belasting. 'n Stryd teen eedbrekers en die ondermyning van die volk se karakter. Die O.B. doen 'n beroep op die karakter van die volk om daaruit die eenheid te kry. Alleen langs daardie weg kan ons hoop om 'n Christelike nasionale staat te verkry. Ons moet eers die eer en karakter van ons volk red wat deur die partypolitiek verwoes is.

Op die vergadering was ook twee verteenwoordigers van Suidwes-Afrika.

Al die offisiere het bevel ontvang om offisiërs-vergaderings in hul gebiede te hou en om die kommando's deeglik te organiseer.

Oor die houding van die Nasionale Pers teenoor die O.B. is sterk afkeuring uitgespreek, en daar is verklaar dat brandwagte oral aandrang

O.B.-Lede en Tussenverkiesings

Alle offisiere en brandwagte in kiesafdelings waar tussenverkiesings gehou word, soos by voorbeeld in dié van Riversdal, se aandag word bepaal by die verklaring van die Dagbestuur van die Grootraad, nl. dat die O.B. alleen kandidate sal steun wat 'n Christelik-nasionale republiek voorstaan en wat nie die O.B. beveg nie. Waar die Party sodanige kandidate teenoor die Smuts-party stel, sal die O.B. sy volle gewig inwerp in die stryd teen die Imperialisme.

Enige kandidaat wat die O.B. beveg, van watter party ookal, steun die stryd van die Empire-party teen die Afrikanerdom in sy republikeinse strewe. Die H.N.P. kan sonder moeite geskikte kandidate kry wat goeie party-manne is en nie die O.B. beveg nie.

op 'n bevel om geen publikasie van daardie pers meer te ondersteun nie. 'n Besluit is dan ook in dié verband geneem, en verskyn elders in hierdie uitgawe.

Die oproep van die Kommandant-generaal vir ondersteuning van die afhanklikes van geïnterneerdes is met groot geesdrif ontvang. Offisiere het opdrag ontvang om 'n sterk fonds vir die doel in die lewe te roep.

Verklaring van Siener se Gesig van Draaiende Klippe

(Vervolg van bls. 2.)

stryd is om ook te weet watter beweging (steen) sal staande bly, want die Seuntjie kan tog nie wen en sy volgelinge verloor nie. Duidelikhedshalwe bring ons maar liever die stene ook onder 'n vergrootglas. Behalwe dat die een steen aan die oostekant is, is hulle absoluut eenders. Die „oostekant” is dus al kenteken wat ons het, en moet ons eers uitvind wat dit beteken alvorens ons kan uitvind watter steen die merk dra. Nie maar 'n rigting nie? Nee, 'n beweging wat oor die hele land bestaan, kan nie ook terselfdertyd net in een enkele rigting wees nie. Die ooste sal dan vir die Kapenaar ook nie dieselfde wees as vir die Pretorianer nie, en kan maklik verwarring veroorsaak. Etlike kere kom dit duidelik voor in die aantekeninge van oom Nicolaas dat die ooste die Brits-Imperiale kraal beteken, en die weste daarenteen die Afrikaanse. So ook met hierdie onderhawige geval. My vertolkings lei ek hoofsaaklik af van oom Nicolaas se verklarings, dus haal ek sy eie woorde maar weer aan om bo-gemelde bewering te staaf. Dit is soos hy dit uitdruk: „Ek het twee vroumense in oostelike rigting sien loop; dit is diegene wat meen dat die mag van Engeland onbreekbaar is, en wat nou teleurgesteld wegloop.”

Hulle is teleurgesteld in „ons” — loop van ons af weg na die onoorwinlike Groot-Brittanje (na die ooste toe). Dus die steen wat gaan ophou om te bestaan is die een wat Brits-Imperialisties georiënteerd is.

Demokrasie is die Britse en Brits-gesinde lande se regeringstelsel. Politieke partye is die uitvloeisel van die demokrasie; en die H.N.P. of V. is 'n demokratiese politieke party. Dus wat sy herkoms, vorm en wese betref, Brits

(aan oostekant).

Die politieke party het die stryd ontketen, juis ter behoud van die party; wil sy doel bereik by die demokratiese stembus; verkies die demokratiese (miskien bietjie gedokterd) bo enige ander stelsel; glo in die voortbestaan van politieke partye, die hou van algemene verkiesings, en gevolglik ook die verwisseling van regerings. Dus wat sy staatsideologie betref, Brits (oostekant).

Die politieke party(leier) het 'n ultimatum aan die Afrikanerdom soos saamgesnoer binne die O.B. gerig, en ten spyte van die kapitulasie van die kant van die O.B. (deur die terugtrekking van bevel 1/41) tog nog 'n vernietigingstryd teen hierdie Afrikanerorganisasie aangeknoop. 'n Ongeskrewe bondgenootskap is dus met veldmaarskalk Smuts en Kie. aangegaan, om die, deur die Imperialistiese elemente gehate Ossewabrandwag te help vernietig. Dus wat sy doen en late betref, Brits (aan die oostekant).

So sien ons hoe die een steen aan die oostekant is, en weet dus watter een dit is wat gaan wegraak. Hierdie wegraak moet egter nie nou verwag word nie, want die verdeeldheid van die Afrikanernasie sal volgens oom Nicolaas voortduur totdat die Sekel (oorlog) oor ons gegaan het. Dan sal die twee bekende blokke, een met gate en die ander met penne, saamvoeg sodat geen naat gesien kan word nie. 'n Volmaakte eenheid wat geensins onder die demokratiese stelsel van verdeel en heers verkry kan word nie.

H. J. DREYER,

Senekal,
12 Jan. 1942.

DAGBREEK KARTELS

word gedra deur

DEFTIGE DAMES

Skakel 2-5662

En Maak U Bestelling

DAGBREEK Dames Hareversorging-Salon

Langmarkstraat 141 KAAPSTAD

G. A. FICHARDT, BPK.

MASJINERIE, YSTERWARE
EN PRODUKTE HANDELAARS

Foon
700

BLOEMFONTEIN

Ongerig
1818

SASBANK

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

LENINGS verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van SASBANK fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK

is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

Raadpleeg Sasbank.

PAARL:

Pêrel-Boedelgebou,

Hoofstraat 327,

Posbus 266.

KAAPSTAD:

Parlementstraat 32,

Posbus 2387.

WORCESTER:

Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurierende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodig-hede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

HOU KOERS NA

Pro Ecclesia-Drukkery,

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

Die Laan,

Stellenbosch.

Die Volk se Pers

'n Kwart eeu gelede, toe die Afrikanerdom hom moes ontworstel het aan die greep van die Britse Imperialisme onder leiding van Afrikanervoormanne, en toe daar on- en anti-Afrikaanse invloede op die oortuiging van 'n groot deel van ons volk ingeënt is deur 'n magtige Britse pers, het daar vir die Afrikaanse vryheidsbeweging steun gekom in die vorm van 'n eie Nasionale Pers. Op 'n tydstip toe die volk geroepe was om op groot skaal geldelike hulp aan vervolgde Afrikaners te verleen onder leiding van die Helpmekaar, en toe 'n groot deel van ons volk nog moes worstel om uit die puinhoop van die Tweede Vryheidsoorlog op die been te kom, het manne en vroue oor die hele land met hul spaarpennings gekom vir die oprigting van daardie pers. Met die steun van die ganse volk het dit in die afgelope jare gegroei tot 'n mag wat deur die vyande van ons volk erken moes word. Danksy hierdie gedugte wapen kon ons volk alle aanslae op sy nasionale bestaan die hoof bied. Die invloed van hierdie pers het bykans elke Afrikaanse huis binnegedring en onder die regte bestuur was die moontlikhede om die volk tot idealistiese hoogtes op te voed en hom te bekwaam vir sy vryheidsaanvaarding onberekenbaar.

Met so 'n magtige wapen moet daar egter versigtig gespeel word. Wanneer hy nie meer teen die vyande van jou volk gerig is nie, maar teen 'n groot en belangrike deel van jou eie volk, word hy 'n groter gevaar as die vyandelike pers teen wie die volk se vooroordeel reeds aangewakker is. Mense dink nie meer selfstandig nie. Daar is nie meer soiets as 'n selfstandige openbare mening nie. So onlangs nog as 25 Maart verlede jaar het dr. D. F. Malan hom as volg oor die mag van die pers op Stellenbosch uitgelat:

„Maar hoe word ook die publieke mening gevorm? Dit is veral deur die pers, wat die skool vir volwassenes is. Daardie pers is nie vry nie. Dit is in die lewe geroep deur sekere geldelike belange. DIE PERS MOET SY BAAS DIEN en op dié wyse word die publieke mening in Suid-Afrika gemanipuleer deur die geldmag.”

Die Nasionale Pers wat deur die hele volk in die lewe geroep is vir 'n prysenswaardige doel het ongelukkig langamerhand meer en meer die kapitalistiese weg opgegaan. Hy was naderhand ook nie meer vry nie, maar die partyleiers het hom gemanipuleer ten behoeve van die party. Vandag veg daardie partyleiers egter nie meer teen die vyande van ons volk

nie, maar teen die republikeinse beweging van die Afrikanerdom. Vandag word daardie wapen nie teen die vyande gebruik nie, maar teen mede-Afrikaners en die rede daarvoor is net omdat hulle ook republikeins is!

Die pers moet sy baas dien, en op dié wyse word die openbare mening vandag deur 'n groepie politici gemanipuleer en word die volk se gevoel teenmekaar opgesweepte sodat die een Afrikaner vandag die ander by die Regering gaan aankla en verrai. Die dissipline wat deur die Ossewabrandwag in die afgelope jare opgebou is en hom reeds skitterend laat geld het, word nou deur hierdie pers wat in verkeerde hande is, op 'n gruwelike wyse ondermyn en vernietig. Afrikanervoormanne word die een oomblik swart gesmeer as Smutsmanne, die volgende dag as Duitse Sappe en op die derde dag word dieselfde manne uitgenooi om 'n republikeinse regering te help vorm.

Elke keer word die pers in aksie gebring om die manne en 'n volksbeweging in die lig voor te stel waarin die partyleiding hulle skilder. En hul verskoning vir hierdie gruwelike misbruiking van 'n volkswapen is: „Die volk vergeet baie gou!” Die volk se mening kan maar opgesweepte en die dissipline ondermyn word, want alles sal regkom omdat die volk gou vergeet. Dit is die fondament waarop die base van die Nasionale Pers die afgelope tyd bou in hul stryd teen 'n Afrikaanse organisasie wat hulle vrees dalk die republiek vir die Afrikanerdom sal bring.

KLEREDRAG OP VRYHEIDSDAG

Die kleredrag vir die groot vierings dwarsdeur die land op VRYHEIDSDAG (27 Februarie) is vir mans grys broeke en oop, wit hemde (sportdrag) met 'n nekdoek van verskillende kleur vir elke provinsie. Kaapland se kleur is blou (dieselfde as die blou van die armbande), Transvaal groen, Vrystaat oranje en Natal wit.

Die vroue sal wit rokke dra. Waar mense nie die regte klere het nie, maak dit geen saak nie en hulle moet deelneem.

Bevelvoerende offisiere moet sorg dat daar op elke feesterrein 'n groot O.B.-vlag wapper, en wel in die lig en nie weggesteek in die donker nie.

Die Fakkels, waarmee die vlam na die terrein gebring word, is in die vorm van 'n speeljukskei (bottelvormig) met 'n gat in die dik punt geboor waarin die fakkel in die vorm van 'n kers gesit word.

Die fakkels van die jeugfront waarmee die vryheidsvuur aangesteek word, kan gemaak word deur blikkies aan 'n stuk hout te heg. Die blikkie bevat dan lampolie en deur 'n gaatjie in die deksel word 'n stukkie asbes gestee wat dien as pit. Die asbes kan desnoods ook los lê in die lampolie.

Die Ossewabrandwag het hom teen al die aantygings — wat eintlik bedoel was om gou deur die volk vergeet te word — verdedig. Hy het sy saak gestel en onder die aandag van die volk probeer bring. Die Nasionale Pers het hierdie meningsuiting van die Ossewabrandwag onderdruk en vir die volk weggesteek. Wanneer 'n onware bewering as sou die O.B. hom aan die Pirow-groep koppel deur die O.B.-bestuur ontken word, word daardie verklaring in die meningskolomme weggesteek. Maar die volgende dae hou die Pers aan met sy bewering te herhaal om sodoende sy aantygung, wat in stryd is met die waarheid, by die volk te laat insink.

Langer kon hierdie vergiftiging van die volk se siel en hierdie misdadige ondermyning van ons volk se dissipline en eergevoel nie geduld word nie. Elke Afrikaner wat dit langer oogluikend toelaat, maak hom skuldig aan hierdie misbruik van 'n wapen ten behoeve van 'n groep met hul seksionele belange. In hierdie verkeerde hande het die Afrikaanse pers 'n positiewe gevaar geword vir ons volk en sy ideale. Terwille van die Afrikanerdom en ter-

WAPENSKOU

Dr. Van Rensburg se Boodskap

In die volkstryd moet hart en brein en spierte ten volle ingespan word. Wilskrag en offervaardigheid is van die allergrootste waarde. Maar sonder doelbewustheid en helderheid kan hulle op dwaalweë versand.

„Wapenskou”, die amptelike orgaan van die A.N.S., stam uit denkende kringe van jong Afrikaners wat trag om helderheid te vind en te versprei.

As sodanig verdien dit die noukeurige aandag van die strydende gelede.

J. F. VAN RENSBURG.

Oproep K.G.

Wapenskou, die amptelike blad van A.N.S. en ander jeug-organisaties van ons land, kan vandag as 'n akademiese gids dien by die bestudering van volksvraagstukke. Die blad geniet die aktiewe medewerking van die vernaamste deskundiges op ons universiteite en in die volkslewe.

Dit kan ook as publikasie-medium vir studiekringe dien.

Die intekengeld is slegs 5/- vir vier uitgawes per jaar.

Intekenvorm

Die Uitgewers,
Wapenskou,
Bus 28,
Stellenbosch.

Waarde Heer,
Ingeslote vind u as
intekengeld op „Wapenskou” vir die
jaar/jare

NAAM:

ADRES:

WAGTE BY MOTORS

Asst.-veldkornet L. Lorenzen van Stellenbosch het onlangs onder die aandag van die Hoofkwartier die feit gebring dat kwaadwilliges op die vergadering van 10 Desember op Bellville gepeuter het met die wiele van motors wat naby die terrein gestaan het. Verskeie lugskepe was losgedraai en die wiele het pap gestaan.

Sulke dinge mag nie toegelaat word om te gebeur nie. Elke offisier wat in bevel van 'n byeenkoms is, moet sorg dat daar wagte geplaas word wat die lede teen hierdie soort gemeenheid kan vrywaar.

wille van die vryheid waarna ons strewende is die Ossewabrandwag, ook onder druk van sy lede, genoopt om nou uit te roep: tot hertoe en nie verder nie!

Die Ossewabrandwag is bereid om die Afrikaanse pers verder te steun — talle van sy lede is teweens aandeelhouders daarin — maar dan moet die pers die volk as geheel dien en nie seksionele belange binne die volk nie, want dan word hy net so 'n gevaar as die kapitalistiese pers waarteen dr. Malan gewaarsku het.

Die eis wat deur die Kaaplandse Beheerraad aan die direksie van die Nasionale Pers gestel is om die eensydige en persoonlike stryd teen die Ossewabrandwag stop te sit, behoort, indien dit aanvaar word, ontsaglik baie by te dra tot die oplossing van die kunstmatige broedertwis. Die O.B. het nog altyd volgehou dat daar geen grond vir sodanige stryd bestaan nie, en dat daar onmiddellik vrede kan kom sodra die Partyleiers en die pers hul stryd teen die O.B. staak. Word die eis egter geweier, sal die volk die tug in eie hande moet neem en die volkspers tot nasiediens dwing.

GENERAALS EIS STAKING VAN PERS SE VYANDIGHEID

(Vervolg van bls. 1.)

van die also beledigde lede van die O.B. op hul aandrang eenparig opdrag aan die Dagbestuur gegee om u mee te deel dat as u nie ophou en voor of op 2 Februarie die versekering deur middel van die pers gee dat u nie langer sal voortgaan met hierdie aantygings en valse voorstelling van feite nie, die offisiere sonder bevel van Hoofkwartier alle O.B.-lede sal versoek om hul ondersteuning van al u uitgawes te onttrek en nie langer regstreeks of onregstreeks 'n instrument te steun wat gemik is op die vernietiging van hierdie volksorganisasie en die Regering aanspoor in sy beleid van vervolging en onderdrukking van mede-Afrikaners nie.

„Daarom bring die Hoofkwartier bostaande feite langs hierdie weg onder u aandag en in die hoop dat waar die pers oor belangrike beginselpunte van dié van die O.B. soos in die Eenheidsverklaring en die deur beide partye aangenome „grondwet” neergelê, verskil, u pers hom alleen daarby bepaal. Van die kant van die O.B. sal dieselfde beleid gevolg word wat u verkies om te volg.”

Staat Moet Draer Wees van Volk se Persoonlikheid

Dubbele Nasieskap Vereis Kleurlose Optrede van Overheid

IV.

In ons vorige artikel oor ons vryheidstrewa het ons aangetoon dat die ideaal van ons voorouers nie in die eerste plaas staatkundige onafhanklikheid was nie, maar nasionale vryheid. By hulle het die vryheidstryd nie gegaan oor 'n staatsvorm nie, maar oor die staatskarakter. Dit moes 'n Boerestaat wees met 'n Boere-karakter; dit moes die tuiste gewees het van die Boerenasie, 'n staat waarin hulle nie alleen toegelaat sou word om te handel volgens hul oortuiging nie, maar wat self ook die lewensbeskouing en beginsels van die Boerenasie sou handhaaf en toepas in sy staatspraktyk.

Vandag word daar deur baie gepraat van republikenisme as hulle dink aan ons vryheidstrewa en 'n republiek as hulle dink aan ons ideaal. Die gevolg is dat daar 'n wanbegrip ontstaan het nie alleen by ander nie, maar ook by onself oor wat ons wil. So praat die Nasionale Partykonstitusie van 'n republikeinse staatsvorm wat hy as ons ideaal beskryf en onderneem om te beskerm. Sommige het dan ook al die gedagte in alle erns uitgespreek, en dit by baie verantwoordelike geleenthede, dat ons die Goewerneur-generaal nou maar president moet noem, dan het ons mos 'n republiek! Andere met 'n klein bietjie meer intelligensie het voorgestel dat ons die Goewerneur-generaal moet kies, dan het ons 'n republiek. Maar al sou ons altwee hierdie dinge doen, het ons nog nie 'n republiek nie, altans nie die staat waarna ons strewa nie.

Dit sal miskien goed wees as ons nie meer praat van republikenisme nie, maar weer van vryheid, want waarna ons strewa is die vryheid van die Boerenasie om te regeer en geregeer te word ooreenkomstig die beginsels en lewensbeskouing van die Boere-siel. Dit moet 'n staat wees wat onafhanklik staat teenoor enige ander staat en onafhanklik teenoor enige groep binne in hom behalwe die nasie in diens waarvan hy staan, en ons erken in die geval net een nasie in Suid-Afrika.

SIEL GESKEI VAN LIGGAAM

Die groot fout wat vandag in ons politieke stryd gemaak word, is dat daar nie onderskeid gemaak word tussen die begrippe staat en nasie nie. Dit is heeltemal moontlik dat ons volkerregtelik heeltemal vry is as staat, maar as nasie in die grootste slawerny kan verkeer. Onder die invloed van die liberalisme, vir wie die staat 'n gesag is oor 'n bonte versameling van enkelinge binne 'n bepaalde landstreek, het ons volk die nasie al meer en meer beskou as iets behorende tot die kultuurterrein, terwyl die bevolking die staatsgebied uitmaak, m.a.w. die staat is losgemaak van die nasie, die siel is losgemaak van die liggaam. Vir die liberalistiese idee is dit heeltemal moontlik dat daar binne een staatsgebied twee of meer nasies kan wees. Dit beteken binne een liggaam — want ons glo dat die staat die liggaam van die nasie is — is twee siele. Ons ken die verskynsel van 'n persoon waarbinne meer as een gees sy intrek geneem het — een is gewoonlik 'n bese gees. So 'n mens het geen persoonlikheid nie en in die Bybeltaal word hy 'n besetene genoem. Soos die besetene van Gadara wat homself met klippe stukkend geslaan het, so is 'n staat waarin ook meer as een nasie woon: hy het geen persoonlikheid nie, geen karakter nie, hy verteenwoordig geen nasie nie, hy is bloot 'n liggaam, in gedurige stryd met homself. Daarom verlang ons nie net staatkundige vryheid nie, maar bowe-al nasievryheid, vryheid nie alleen na buite nie, maar ook na binne. En nie een van die twee het ons vandag nie. Die Boerenasie, die eertydse heersers van twee Boere-republieke, word vandag geleer om homself as 'n „seksie” van die Suid-Afrikaanse volk te beskou — 'n volksdeel! Hy het maar medeseggenskap in die Suid-Afrikaanse staat, en as jy nou 'n goeie burger wil wees, moet jy die ander volksdeel, jou mede-burgers, nooit enige

aanstoot gee nie. Dit beteken dat die Boer se lewensbeskouing en lewensbeginsels nie uitgeleef kan word nie, want hy mag dit mos nie as „good South African” in die kele van sy Engelse mede-burgers afdruk nie. Die gevolg is noodwendig neutraliteit en kleurloosheid op alle terreine van die staatslewe.

So ook mag die staat self as regshandhawer nie een van die twee of meer volksdele bo die ander begunstig nie. Hy moet ook neutraal wees, neutraal ten opsigte van alles binne in hom en neutraal ten opsigte van alles buitekant hom. In die volkerewêreld daarbuite mag hy nie die lewensbeskouing, die karakter van 'n besondere nasie uitdra nie. Hy moet koud en sieftoos wees. Hy moet deur niksdoen albei die seksies wat hy verteenwoordig, tevrede stel.

Maar hoe kan 'n nasie op hierdie manier sy van God gegewe roeping vervul as die enigste kanaal waarlangs hy hom in die volkerewêreld kan laat geld — sy staat — bevrore is?

STATE SONDER PERSOONLIKHEID

Ons nasie is nie vry nie. Ons kan alleen vry wees wanneer ons 'n eie staat het deur middel waarvan ons ons roeping as nasie kan vervul deur ongestoord ons onvervalste lewensbeskouing in die volkerewêreld sowel as in ons maatskaplike of binnestaatlke lewe toe te pas en uit te leef. Die beginsel wat hieraan ten grondslag lê, is dat elke nasie 'n eie staat moet hê: Een staat een nasie, en een nasie een staat. Lande soos België, Suid-Afrika en die voormalige Tsjeggo-Slowakye is geen normale state nie, maar abnormale state, want hulle het geen nasionale persoonlikheid nie. Hulle is soos mense in gestigte of soos swakkelingse sonder persoonlikheid. Hulle is wel mense, maar is nie in staat om die roeping van 'n mens na te kom nie. Op hul beste is hulle maar na-apers van diegene na wie hulle opsien. Sulke soort state sonder nasionale persoonlikheid verwerp ons as 'n onnatuurlike verskynsel, 'n kunstmatige skepping wat die kiem van ontbinding in homself rondra — ons het genoeg ondervinding daarvan in Suid-Afrika. Veral geld dit ons eie land waar dit die enigste plek is waar die Boerenasie 'n tuiste het in teenstelling met ander dergelike state wat siegs brokstukke van ander nasies bevat.

Wanneer ons ons op hierdie standpunt stel, is daar sekere konsekwensies wat in aanmer-

SNAAKS

Die Britse pers verkondig daeliks hoe die Russe sou vorder en ons lees van die vernietigende slaie teen die vluggende Duitsers. Die nood aan die Oos-front sou vir die Duitsers so hoog wees dat hulle selfs soldate uit Frankryk in alleryl per vliegtuig na die slagveld moet haas. 'n Mens sou sê dat die Duitsers op die punt staan van 'n algehele militêre ineenstorting. Dieselfde blaie waarsku egter gedurig teen die moontlikheid dat Hitler nou op 'n ander plek gaan slaan. Berigte verskyn van Duitse troepesametrekkings in Suid-Europa, in Italië en selfs ook aan die grens van Spanje.

Vir ons kom dit baie snaaks voor dat 'n land wie se leërs aan die oostekant teruggedryf word deur verwoede Bolsjewistiese magte, hom ewe bedaar kan voorberei om elders te slaan. Daardeer sal hy mos nie sy posisie verbeter nie, maar verswak? Alleen vir die Britse mentaliteit wat in 'n nederlaag soos Dinkerke 'n oorwinning kan sien, is dit moontlik om hierdie teenstrydigheid blykbaar te begryp.

king geneem moet word. Die vernaamste is dat as jy binne elke staat net een nasie erken, jy nie alleen van immigrante verwag om hulle in die bestaande nasie te laat oplos nie, maar jy sal jou eie land se emigrante moet prysgee as hulle na 'n ander land verhuis. As ons die liberalistiese beginsel huldig en nie toelaat dat 'n immigrant die nasionaliteit moet aanneem van die nasie in wie se staat hy hom bevind nie, sou die geskiedenis waarskynlik 'n baie anderste loop gehad het. In ons eie land sou dit dan verkeerd gewees het van die destydse Goewerneur om doelbewuste stappe te doen ten einde die Franse Hugenote deur die Hollanders te laat absorbeer. Ons sou dan reeds van toe af 'n dubbele nasieskap moes erken het, en dan sou ons volk vandag uit vier nasies met elkeen sy eie taal bestaan het.

In Europa — om maar 'n paar voorbeelde te noem — sou Napoleon as Korsikaan nie die wêreld ten behoeve van Frankryk probeer verower het nie, maar Frankryk met die res ten behoeve van Korsika, want hy moes nooit Fransman geword het nie, maar Korsikaan gebly het.

In Duitsland vandag moes Hitler dan nooit Duitser geword het nie, maar Duitsland vir Oostenryk verower het in plaas van Oostenryk vir Duitsland, want hy moes Oostenryker gebly het.

Die geskiedenis self bewys dus dat ons standpunt reg is en dat 'n vreemdeling teen wil en dank die nasieskap van sy nuwe vaderland moet aanneem.

Per slot van sake lê die keuse hier tussen twee dinge en die vraag is watter weeg die swaarste: Ons moet kies tussen 'n nasie as geheel sy roeping te laat mis deur hom nie 'n eie staat te gun nie of die nasie as geheel sy eie staat te gee met prysgewing van die brokstukke wat buite sy staat val. Ons moet kies tussen die aanspraak van die nasie as geheel of die aanspraak van die enkele nasie-brokkies in die vreemde.

In ons volgende artikel sal ons meer in besonder ons houding teenoor die Engelse in Suid-Afrika in die lig van hierdie beginsel behandel. (Word vervol.)


Vryheidsvlam oor Lengte en Breedte van Kaapland Versprei

By geleentheid van die Beheerraadsvergadering op 22 Januarie in Kaapstad is die vryheidsvlam wat van Majuba af na die Kaaplandse hoofkwartier gebring is, en waar dit nog brandend gehou word, deur die generaal na hul verskeie gebiede geneem waar dit in bewaring gehou sal word by die verskillende verantwoordelike offisiere tot op 27 Februarie (Vryheidsdag) wanneer vryheidsvure dwarsdeur die land aangesteek sal word. Dit sal nie alleen 'n viering van die oorwinning op Majuba in 1881 wees nie, maar terselfdertyd 'n bewys van die vaste voorneme van die Afrikanervolk om hom in die vryheidstryd te werp totdat die oorwinning nogmaals behaal is.

Die vlam wat in 1938 deur die Voortrekkertjies na Pretoria gedra is, en vir die afgelope twee jaar by Majuba brandend gehou is, word tans op dié wyse oor die hele land versprei.

Daar word aan die hand gedoen dat die vlam van die generaal of ander hoofoffisier af na die verskillende feesterreine in aflos-spanne gedra word.

VOLKSKAS IS U EIE



BANK!

Fondse oorskry £1,500,000.

Hoofkantoor:

Volkscas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA

Volkscas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

MARKAGENTSKA P

Vroeë Môre Mark
KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik,
weekliks, maandeliks of soos
verlang.

Beste Heersende Pryse.

MINNAAR & VAN SCHOOR.

Eienaar: Gustav Retief.

Telefoon 2-0212.

Parlement Dryf Spot met Gesag en Waardigheid

Wetgewende Gesag Verneder tot 'n Vermaaklikheid vir Politici

Toe die sogenaamde valbyl by die opening van die parlamentsitting ingevoer is deur die Eerste Minister het die leier van die opposisie verklaar dat hierdie soort optrede die Parlement „in disrespek by die volk sal bring.” Genl. Smuts het daarop geantwoord dat nie die inkorting van toesprake nie, maar juis daardie vervelike toesprake die Parlement by die volk in disrespek bring. Die leier van die opposisie was reg en genl. Smuts was ook reg. En elkeen wat iets in verband met die Parlement koppel aan die „disrespek” van die volk, sal reg wees, want as daar ooit 'n instelling was wat die spot dryf met die gesag wat aan hom verleen is, dan is dit hierdie instelling wat by ons bekend staan as die Parlement.

Van die liggaam wat belas is met die hoogste wetgewing van die land, wat belas is met die hoogste gesag oor die wel en wee van die volk, sal 'n mens 'n waardigheid verwag wat pas by die erns van sy taak. 'n Mens sal ook van die lede wat daarheen gestuur word daardie lewens-erns verwag wat jy soek by 'n man wat bewus is van sy verantwoordelikheid teenoor sy volk en diegene wat hul saak aan hom toevertrou het.

Vir die besoeker wat meen om hierdie eenskappe daar aan te tref, wag daar 'n skokkende teleurstelling — so vir 'n rukkie altans. Dit neem hom egter nie lank voordat hy al die sorge en kommer van die lewe en sy volk vergeet nie, want sodra hy oor sy eerste skok gekom het, word hy oormeeester deur daardie aangename gevoel wat 'n mens beetpak as jy 'n vermaaklikheid soos 'n bioskoop of sirkus bywoon. Daar heers 'n atmosfeer vol grappige spanning, en met genotvolle belangstelling volg jy die hele debat. Jy word megevoer deur lang toesprake vol tussenwerpsels met 'n gemurmur van stemme op die agtergrond soos op 'n vendusie. By wyle word die toneel wild en onstuimig. Dan moet

die Speaker sy aanwesigheid verrai met 'n gerekte uitroep van „ôôôrde!” Dan vir 'n oomblikke stilte en daar bars dit weer los. Hier lê 'n „agbare lid” oor die bank en gesels met 'n kollega, daar leun 'n ander teen sy bank met uitgerêkte voete bo op sy lessenaar, verskeie gaap in mekaar se gesigte en nog meer is besig om in en uit te stap. En hier, ja hier word wette gemaak vir en oorlog verklaar namens 'n hele volk!

Dit is onmoontlik om in hierdie plek onder die indruk van die gewigtigheid te kom wat eie behoort te wees aan die raadsaal waarin die oppergesag oor die land en sy inhoud setel.

Dit is niks anders as 'n dure klug en 'n vermaak vir die deelnemers wat hulle verlustig aan grappige tussenwerpsels en die hele instelling verder uitbuit vir partypolitieke propaganda nie. Vir elke persoon wat 'n parlementêre debat bywoon, is dit duidelik soos daglig dat volksake slegs gebruik word as loopgrawe van waaruit die strydende partye mekaar beskiet en uitoorlê. Wat die uitslag van 'n stemming is, is 'n saak waaroor blykbaar net die klerke van die „Huis” en die pers bekommerd is, want wat die opposisie voorstel, word eenparig deur die Regeringsparty (of die oorblyfsel van hom wat teenwoordig is) afgestem, en wat die Regering voorstel, word eenparig deur die opposisie betwis. Al nut van die besprekings is dat die volk dit in die koerante lees, en vir hierdie propaganda betaal die staat nie 'n beskeie bedrag nie.

Dit is ook hierdie ydele debatteerders wat eenmaal glo nog sal moet beslis oor die republiek waarin die hoogste en ernstigste ideale van die Afrikanerdom beliggaam sal wees.

Vryheidsvlam Wek Groot Geesdrif

'n Voorteken van die geweldige geesdrif wat op 27 Februarie by geleentheid van die viering van Vryheidsdag die volk sal beetpak, is voorverlede Saterdag op Robertson waargeneem toe die Vryheidsvlam daar uit Kaapstad aangekom het. Dit is dieselfde vlam wat in 1938 deur die Voortrekker-beweging van Kaapstad per fakkel na Pretoria gedra is.

Op Robertson was 'n sametrekking van die Robertson-Bonnievale-kommando's en by die geleentheid het genl. J. A. Smith, A.K.G. van Kaapland, daar opgetree. Die vlam, wat van Majuba af, waar dit die afgelope twee jaar al brandend gehou word, gebring is, is met geweldig geesdrif deur die aanwesiges ontvang. Twee dogters Van Zyl wat albei die vlam in 1938 na die noorde gehelp dra het, het met die fakkel op die vergadering verskyn. Hiervandaan is die vlam deur verskeie lede na hul huise geneem waar dit brandend gehou sal word totdat die vryheidsvuur op 27 Februarie daarmee aangesteek sal word.

VOORSLAG-PYNPOEIER

DIE VEILIGE VERBANNER VAN
ALLE PYNE

HOOPPYN, SINKINGSPYN, RUMATIEK, VROULIKE PYN, TANDPYN
EN VERKOUES EN INFLUENZA.

Die Voortrekker Apteek

Kerklaan,
KAAPSTAD.

Maitlandstraat,
BLOEMFONTEIN

AS U HANDELAAR U NIE DAARVAN KAN VOORSIEN NIE VRA HOM
OM DIT VIR U TE BESTEL.

DIE TROTS VAN ELKE BOER

- Sy Eie Besigheid
- Bediening in Sy Eie Taal
- Deur Sy Eie Mense

Grys Sajet Broeke 29/6
Groen O.B. Halsdoeke 2/- elk
Withemde 8/6 „

ONS SUKSES
IS U SUKSES

TAKE OP:

Kaapstad,
Johannesburg,
Benoni en Vereeniging

UNIEWINKELS
(KOOPERATIEF) BEPERK
GEREGISTREER ONDER WET NR. 28 VAN 1922

Foon 62 Posbus 53
HEILBRON

AM te weet dit is die plek waar u kan
koop na u smaak en sover u beurs
dit toelaat

BETEKEN oneindig veel vir u, waar u
met vriendelikheid bedien word in u
eie taal.

DIE MODERNEWINKEL

Oorsig van Wereldgebeurtenisse

(Ons plaas elke tweede uitgawe 'n oorsig van wêreldgebeurtenisse wat opgestel word deur 'n gesaghebbende medewerker.—Red. D.O.B.)

In die afgelope week het die verteenwoordigers van die Noord- en Suid-Amerikaanse State onder leiding van die Verenigde State mekaar ontmoet om die vorming van 'n westelike blok teen die Spilmoondhede te oorweeg. Die resultaat: dit word aan die hand gegee om diplomatieke betrekkinge met die Spil en sy bondgenote te verbreek. Onder leiding van die V.S.A. het 'n hele reeks state onmiddellike stappe teen die „agressors” geëis, maar Argentinië en Chili was nie bereid om sonder voorwaardes die leiding van Sumner Wells te aanvaar nie.

Na-apery van Britse Metodes

Dit is merkwaardig dat die V.S.A. wat maande voor die toetrede van Japan tot hierdie oorlog en die daaropvolgende Duits-Italiaanse oorlogsverklaring reeds teen Duitsland die bevel „skiet op sig” toegepas het, nou van die aggressors praat; ook is dit merkwaardig dat die V.S.A. terwille van die vredeliewende ideale van 'n „demokratiese” lewe selfs die militêre diktatorskappe van Midde- en Suid-Amerika omhels. Maar die V.S.A. het net soos Brittanje geskrik. Die oorwinnaar van die „Praat Front”, Roosevelt, soek orals hulp en soek mense wat hul daad by sy woorde voeg. Gaan die V.S.A. miskien nou ook nog die Britse taktiek volg en tot die laaste bondgenoot veg? Die feite skyn te toon dat Roosevelt bereid is om met en tot die laaste Engelsman te veg. Sy huidige taktiek is net 'n herhaling van die Britse gedurende die afgelope twee jaar. Hy is reeds besig om sy eie troepe op die gebied van sy bondgenoot aan wal te sit met die moontlike doel om hulle agter die Britse linies te hou, soos Brittanje dit in België en Frankryk met die Belgiese en Franse bondgenoot gedoen het. Die oogmerk was en is natuurlik om die moraal van die bondgenoot te steun, maar indien nie alles na wens gaan nie, onder goeie beskerming die hasepad te kan kies.

Die Unie en die V.S.A.

Die Unie is vir die V.S.A. 'n uiters belangrike strategiese steunpunt, belangrik omdat die V.S.A. en Brittanje die Atlantiese Oseaan moet beheer nadat hul vloot die seggenskap in die Verre Ooste verloor het. Ons moet verwag dat ons net soos Ierland binnekort 'n Amerikaanse besettingsleër op ons eie bodem sal moet verwelkom om ons te „beskerm”.

Die Hawaï-Bevelhebbers

Admiraal Kimmel en sy maat is van pligsversuim beskuldig. Hulle sou aan die slaap gewees het toe Japan sy vreeslike hou teen die Amerikaanse vlootbasis Pearl Harbour gelos het. Dit is verbasend dat die Britse inligting in hierdie geval so terughoudend is. Toe dinge in 1940 in Frankryk begin verkeerd gaan het, is ontdek dat die Franse offisiere in werklikheid vyfde-kolonners was. Miskien sal ons nog hoor dat Kimmel, omdat hy soos genl. Huntzinger 'n Duitse van het, ook tot die Vyfde-Kolonners gereken moet word.

Maar net so min soos Franse offisiere hul plig versuim het, het die twee Amerikaners dit gedoen. Hier, soos daar, was die hou wat hul vyand hulle toegedien het onverwags sterk en omdat Roosevelt na al sy kaggel-praatjies — waarin hy die onaantasbaarheid van die Amerikaanse strydmagte beklemtoon het — vir sy grootpraterij 'n sondebok nodig gehad het, word die skuld op die skouers van hierdie twee manne geplaas wat 'n tyd voor die oorlog juis weens hulle uitstekende dienste die bevel op Hawai moes oorneem.

Die Verre Ooste

In die Verre Ooste ruk Japan steeds nader teen Singapoer op. Die magtigste Britse vesting in die Ooste is feitlik reeds van die res van die wêreld afgesny. Op kloekmoedige wyse het Japan te werk gegaan. Die belangrike eilande

wat ten suide van Singapoer lê en 'n halfsirkel om hierdie belangrike steunpunt vorm, is reeds in Japanse hande. Al val Singapoer ook nie binnekort nie, sal sy strategiese waarde as vlootsteunpunt nogtans meer en meer verminder. Hoe nader die Japanners met hul lugmag kom, hoe gevaarliker sal Singapoer vir die Brits-Amerikaanse vloot wees. Die keldering van die groot Britse slagskepe het bewys dat die vliegtuig o.m. die gevaarlikste vyand van vlooteenhede is.

Churchill sê: „'n Groot Generaal”

In die Noorde het genl. Rommel begin terugslaan. Churchill noem hom 'n groot generaal. Ten spyte van bewerings dat die see tussen Italië en Noord-Afrika goed deur die Britse vloot beheer word, het Rommel versterkings ontvang wat reeds groot genoeg is om die publiek op 'n moontlike verlies van Benghazi voor te berei. Met die verlies van Benghazi sou die vrugbaarste deel van Cyrenaica weer in die hande van die Spilmoondhede kom.

DIE O.B. KERSFONDS

Die volgende hydrae is deur Die O.B.-Kersfonds met dank ontvang:—

	£	s.	d.
Reeds erken	186	16	6
Vriend, Touwsrivier	1	0	0
Vriende	1	2	10
Vriende, Bloemfontein	3	10	0
Vriende, Beaufort-Wes	1	10	0
Springbok-Kommando	5	10	6
Vriend, Malmesbury	0	10	6
Vriende, Knysna	0	7	6
Veldkornetskap Van Rensburg, Brooklyn	3	2	6
Kroonstad-Kommando	3	0	0
Vriend, Vredendal	1	0	0
Vriend, Albertinia	0	10	0
Vriendin, Lansdowne	0	9	10
Vriendin, Knysna	0	15	0
Vriendin, Theunissen	0	10	0
Vriende, Graafwater	2	0	0

Offisiere, Brandwagte en H.N. Party-Vriende, Middelburg (Kaap)	18	16	0
Vriend	0	3	0
Vriend, Oudepost	0	5	0
Vriend, Uitenhage	1	0	0
Vriendin, Rondebosch	0	5	0
Vriend, Theunissen	0	2	0
Vriende, Bellville	3	0	0

Totale bedrag ontvang . . . £235 6 2

DIE O.B. NOODHULPFONDS

Die volgende verdere hydrae in Kaapland tot ons fonds vir hupverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan „Die O.B.” bekend gemaak:—

	£	s.	d.
Reeds erken	403	14	8
Vriend, Kaapstad	25	0	0
Drukkers van Die O.B. — — — — —	25	0	0
Vriend, Klipheuwel	10	0	0
Geselligheid, Woodsideweg 30, Kaapstad	5	10	2
Vriend, Stellenbosch	3	3	6
Mnr. L. Neethling, Rivier Zonderend	2	10	0
Mnr. N. J. de Kock, Rivier Zonderend	1	0	0
Mnr. G. J. Marais, Robertson	1	0	0
Vriend, Stellenbosch	0	10	0
Groep Verpleegsters	1	15	6
Vriend	0	5	0

AFRIKANERS LUISTER HIER:—

Wil u ook op die skouers van die wêreld gedra en beny word deur die mense rondom u? Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie betrekking en 'n vet Salaris. Ons Kursus is goedkoop en doeltreffend; ons waarborg uitstekende resultate. Sewe uitgebreide Gesondheid- en Liggaamsboukursusse word absoluut gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van:

UNIE-BOEKHOU-KOLLEGE,
Posbus 32, ALEXANDRIA.

'N NAAM—

'N DOEL—

'N BELOFTE—

SY NAAM: „SANLAM” — die verkorte naam is al bewys van hoe hy by die publiek ingeburger en ingewortel het.

SY DOEL: Om 'n Assuransimaatskappy te skep wat nie alleen die Afrikaner se eiendom sal wees nie, maar wat vir die Afrikaner ook 'n beskerming en 'n spaarmiddel sal wees en vir die Afrikanerseun- en dogter as 'n bron van opleiding sal dien.

SY BELOFTE — is bevat in sy leuse: „Uit die Volk gebore om die Volk te dien.” Daardie belofte is ook sy waarborg.



SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

Aan die Penkoppe

Beur Vooruit in die Lewe

Verlede week het ons daarvan gepraat dat daar soms Afrikaners is wat nie hul bes in die lewe doen nie en wat uitsak, sodat ons verplig is om hulle te help om hulle en hul kinders nie heeltemal ten gronde te laat gaan nie. Dit is waar dat hulle 'n las is, maar ons mag hulle nie verstoot nie. Ons moet hulle probeer optel en nie toelaat dat die uitbuiters van ons Vaderland op hulle trap en spuug nie, want hulle is deel van ons.

Maar nou moet ons as Penkoppe vir ons self die vraag stel: Doen ek altyd my bes? Is ek wat ek behoort te wees, of sou ek al verder gevorder het in die lewe as ek altyd my plig gedoen het? As ek liggaamlik sterk is, maar te lui om te werk; as ek slim is en ek is te lui om te leer; of as ek die kans het om skool toe te gaan of 'n goeie betrekking te kry waar ek groot opgang kan maak, en ek laat glip my kans, dan is ek net so sleg as daardie arme drommel wat vanoggend by die agterdeur kom bedel hef, omdat hy in sy jong dae ook nie gebruik gemaak het van sy kans in die lewe nie. As ek nie hard werk nie, word ek nie wat ek kan wees nie en is ek dus swakker en minder werd vir my volk en vir die Vaderland.

Dit beteken nie dat ek altyd eerste in my klas moet staan of hoof van my kantoor moet word nie, want ons kan mos nie almal eerste staan nie en ons kan nie almal hoofde wees nie. Maar ek moet my bes doen om sover te kom as ek kan. Dis al wat die Vaderland vra. Dan sal ons die beste kan haal uit die bodem van die Vaderland en sal ons 'n groot volk word. Dan sal die vreemde fortuinsoekers nie die kans hê om ons mede-Afrikaners altyd as hul werkers te gebruik, terwyl hulle met al die winste bly sit nie.

Daar is baie swakkeling onder ons. Dis een van die redes waarom ons nog nie 'n republiek het nie en waarom ons nog vir Jode en Jingo's moet werk. Laat ons dit nie vergeet nie. Maar dit is die plig van elke Penkop om sy en haar bes te doen — in die skool en in hul werk. Die oë van die volk is op jul Penkoppe gerig. Van 'n Penkop moet dit nooit gesê kan word: hy of sy is lui en sonder ambisie nie. As die Penkoppe, die room van die Afrikanerjeug, sonder ambisie is, dan is ons volk verlore.

Daarom is die boodskap van die Vaderland aan julle: Penkoppe, beur vooruit in die lewe. Leer hard, werk hard, probeer op die hoogste sport kom wat julle kan bereik. Deur dit te doen, sal julle self nie alleen later die vrugte daarvan pluk nie, maar dien julle ook die Vaderland.

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek

Steyns

PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK.

DIE GOEIE HOOP

(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.

Voortrekkerweg,
Bellville.
Foon 97814.

Hoofweg,
Durbanville.
Foon 60.

VEEVOER (MELIES-MIELIEMEEL-
LUSERN).

Vra vir Kontrakvoorwaardes.
Mc Cormick Deering Landbouwerkluie.

SKOUBURG

Hofmeyersaal, Groote Kerkgebou,
reël rolprentvertonings
ELKE SATERDAGAAND.

Hierdie Saterdag:

JOHN TRENT & MARJORIE REYNOLDS
in die haarrysende Lagsirkus

„STUNT PILOT“

Ook 'n kunstenaars program. Hou die dagblaai
in die oog vir verdere besonderhede.

AANDAG !!!

Die
CLANWILLIAMSE KOMMANDO
hou 'n groot Funksie
op die

7de Februarie 1942,

om 3 n.m. in die

PARK--- CLANWILLIAM

Spreker:

Ass.-Komdt.-Genl. J. A. SMITH.

In die namiddag sal daar 'n groot
verskeidenheid verversings in ons
skaduryke park aangebied word,
terwyl u u ook kan verlustig in die
speel van volkspeletjies.

Vrolike Boeremusiek word voorgedra.

A.K.G. J. A. SMITH

sal u om 8 n.m. in die STADSAAL
toesprek.

Kom seker! Bind hegter die Afri-
kanervriendskapsbande en maak
die feesdag suksesvol.

Alle plaaslike O.B.-lede sowel as
van omliggende Kommando's is
van harte welkom.

La Belle Alliance

Privaat Motel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

alle moderne geriewe

Billike Terme

Eienares: Mev. P. J. RETIEF,

Foon 2-3833

Ons Ontmoet alle Treine.

Kloofstraat, Kaapstad.

KAROO-MIS

EGTE BOSSIEVELD DROË FYN
KAROO-KRAALMIS

1 ton en meer 27/-
20 ton en meer 26/-
40 ton en meer 25/-
in klante se sakke 18/-

Bostaande pryse per ton van twaalf goet
sakke, gelewer Uniestasies aan bona fide boere
deur my. Die mis is droog hamermeul-gemaal,
spesiaal voorberei vir enige kunsmistoestel. Ek
lewer alleen die beste, afkomstig van egte
Karoo-bossieveld; geen onkruid. Monsters op
aanvraag. Beste gehalte onbewerkte mis 8/6
per ton, £4-13-6. ES trok gelewer aan bona fide
boere. Onmiddellike aflewering.

K.m.b. of k.b.a.

B. J. ROODE,

Posbus 15,

KLIPPLAAT.

CLARK-BROWN-BOEKWINKEL

Eienaar:

Komdt. Willie J. van der Merwe,
Caledonstraat - (Foon 258) Uitenhage.

- ⊗ Ossewa Klerasie.
- ⊗ Skool en Kantoor Benodighede.
- ⊗ Skryfbehoeftes vir alle Geleenthede.
- ⊗ Christelike, Opvoedkundige- en Alge-
mene Boeke.
- ⊗ Skilderye en Kunstenaars Benodig-
hede.
- ⊗ Konsul vir Voortrekker Motorklub.
- ⊗ O.B. Skryfblokke, Die Vierkleur en
Ossewa Speelkaarte.

Brandwagte u weet wie om te onder-
steun — ons waardeer u ondersteunig.

Onthou

CLARK-BROWN-BOEKWINKEL,
Caledonstraat, — UITENHAGE.

DIE VOORTREKKERWINKEL

Eienaars: J. C. Flek en Kuhn.

Voorsten u van alle

KRUIDENIERSWARE

VOORTREKKERWEG - - - - PAROW.

Geklassifiseerde Advertensies

GEBOORTE

Aan Dr. en Mev. J. NORTJE, Vredendal,
'n seun op die 21ste Januarie. Albei wel.

HAARKAPPERS — AANDAG!!

OP BONNIEVALE is kans vir 'n flukse Afri-
kaner om 'n Haarkapperswinkel te open.
Tree dadelik in verbinding met F. J. van ZYL,
ANGORA, BONNIEVALE.

LOSIES

AFRIKAANSE DAME bied losies aan vir drie
seuns vanaf begin Februarie. By die stasie,
Milnerweg 8, Observatory.

TAFELAARTAPPELS

GOEIE Tafelaartappels 19/- per sak, van 153
pond. Saadaartappels, eier- en okkerneut-
grootte, Arran Chief en Ever Good 25/- per
153 pond. Up-to-date 27/6. Kontant met be-
stelling.

P. H. DU PLESSIS,
P.K. Hazenjacht.

TAFELAARTAPPELS

Goeie Tafelaartappels 17/6 per sak van 153 lbs.
Arranchief en Evergood saadaartappels om
dadelik te plant 25/- vir 153 lbs.

Kontant met bestelling.

Skrywe aan:

J. S. DU PLESSIS,
HAZENJACHT.

GEMAALDE KRAALMIS

VIR eerlike bediening, bestel hamergemaalde
kraalmis, gelewer op Bona Fide boere se
stasies, teen 25/- per 11 sak ton, van J. A.
SCHOEMAN, P/S Grootfontein, SOMERSET-
OOS.

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE

Posbus 660, JOHANNESBURG.

Duisende Klante vanaf Kaap tot aan Zambesi
het maksimum sukses behaal met ons geakkli-
matiseerde **Vrugteboom** en keurige **Rose**. Bestel
nou vir **Junie, Julie, Augustus** planting en wees
seker van Tevredenheid! Geïllustreerde Plant-
gids gratis.

Uitgee deur J. A. Smith, Groote Kerk-
gebou 916, Kaapstad, en gedruk deur Pro
Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.